# HOOFSTUK 1

# ORIëNTERING

## 1.1 Agtergrond

Teen die einde van Mei 1992 het 2044 skole onder die jurisdiksie van die Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie Volksraad, aangedui dat hulle verkies om na staatsondersteunde skole oor te skakel. Slegs 90 skole het op daardie stadium aangedui dat hulle die status quo wou handhaaf (Terblanche, 1992:1). Dit beteken dat bykans 96% van die skole onder beheer van bogenoemde departement van plan was om staatsondersteunde skole te word. In Transvaal is 866 skole onder beheer van die TOD tans staatsondersteunde skole, terwyl slegs 29 die status quo behou het (TOD, 1992b).

Bogenoemde keuse impliseer dat ouergemeenskappe wat vroeër van die kantlyn af advies oor skoolgebeure gegee het, sedertdien tot die speelveld van besluitneming betreffende die beheer en bestuur van die skool toegetree het (De Jager, 1992:1). Die bestuur en veral strategiese besluitneming word nou, anders as in die verlede, afgewentel na die bestuurders van die skool self.

'n Bestuursliggaam bestuur die eiendom van 'n staatsondersteunde skool en oefen, behoudens die bepalings van die Wet (Wet 70 van 1988), beheer oor die staatsondersteunde skool en sy werksaamhede uit (RSA, 1991:2). Hierdie bestuursliggaam bestaan uit die hoof van die skool en 'n aantal lede, verkies deur die ouers van leerlinge van die betrokke skool. Om hierdie bestuurstaak doeltreffend te kan verrig, is bestuursinligting nodig.

## 1.2 Probleemstelling

Volgens Stoner en Wankel (1986,141) is een van die belangrikste bestuurstake van enige bestuurder besluitneming. Die kwaliteit van hierdie besluitneming is weer direk afhanklik van die inligting wat tot die beskikking van die bestuurders is (Burch et al., 1983:42). Sonder inligting kan die bestuurder nie sy funksie in die organisasie uitvoer nie (Bentley, 1982:21). Die tipe inligting wat 'n organisasie benodig, hang af van die doelwitte en bedrywighede van die organisasie. Die inligting sluit gewoonlik interne inligting wat binne die organisasie self versamel word en eksterne inligting wat buite die grense van die organisasie ontstaan in.

Met die oorgaan van staatskole na staatsondersteunde skole is die opmerking van Bliss en Curtis (1982:6) dat die era van groei, uitbreiding en oorvloed verby is, ook op die Suid-Afrikaanse skool van toepassing. Die skool sal voortaan soos 'n winsgewende sakeonderneming bestuur moet word. Gesonde sakebeginsels sal aan die orde van die dag moet wees om te verseker dat gehalte onderwys teen die laagste koste moontlik gebied kan word. Die skoolhoof se taak word al meer dié van die besturende direkteur van 'n sakeonderneming (Monitor, 1992).

Omdat die onderwys en veral die staatsondersteunde skool en sy omgewing in wese dinamies is en dinge in en om die skool vinnig en soms dramaties kan verander, is dit van groot belang dat die bestuurders van die skool van tydige en akkurate inligting voorsien sal word. Dit is dus juis noodsaaklik dat die bestuurders van 'n skool sal weet wanneer, waar en hoe gebeurtenisse in (en om) die organisasie (skool) plaasvind en hoedanig hierdie gebeurtenisse die organisasie (skool) in sy geheel beïnvloed (Bruwer, 1984:1).

Die probleem om akkurate,toepaslike inligting op die regte tyd te verkry, is nie 'n unieke probleem van die onderwys nie. Baie vordering is reeds in die sakewêreld gemaak met die ontwikkeling van bestuursinligtingstelsels om juis hierdie behoefte aan inligting aan te spreek. Waar die staatsondersteunde skool nou juis nader beweeg aan 'n sakeonderneming, kan met vrug gekyk word na modelle en metodes van bestuursinligting wat deur die sakesektor ontwikkel is. Van hierdie metodes kan waarskynlik met vrug aangewend word om die bestuursinligtingsprobleme van die staatsondersteunde skool te oorkom.

Bestaande navorsing oor die toepassing van bestuursinligtingstelsels in skoolbestuur is gedoen deur Fourie (1986) en Van Heerden (1991). Beide skrywers se navorsing is gedoen op die skoolstelsel wat op daardie tydstip bestaan het. Van Heerden (1991:19) se navorsing het gegaan oor 'n bestuursinligtingstelsel vir die hoofde van primêre skole met 'n leerlingtal van 500 en meer in die omgewing van Pretoria en Brits (N=41). Fourie (1986) se navorsing het gehandel oor die gebruik van die mikrorekenaar in onderwysbestuur. Die afleidings van Fourie is hoofsaaklik gebaseer op die aanwending van die mikrorekenaar in skoolbestuur in die VSA. As gevolg van die groot veranderinge wat meegebring word deur die oorskakeling na staatsondersteunde skole, is van die resultate van genoemde navorsing moontlik nie meer relevant nie en nie noodwendig van toepassing op alle staatsondersteunde skole in Transvaal nie.

Uit voorafgaande bespreking blyk dat die probleme van hierdie navorsing sal wentel om die volgende vrae:

* Wat is die wese van 'n staatsondersteunde skool? Watter instansies is betrokke by die dié tipe skool en watter rol speel hulle?

* Wat is bestuursgebeure aan 'n staatsondersteunde skool en in watter areas vind dit neerslag?

* Hoe funksioneer 'n moderne bestuursinligtingstelsel en uit watter komponente bestaan dit?

* Wat is die inligtingsbehoeftes van die bestuurders van 'n staatsondersteunde skool vir hulle bestuurstaak?

* Hoe suksesvol is die huidige bestuursinligtingstelsels by skole om aan die inligtingsbehoeftes van die bestuurders aan dié skole te voldoen?

## 1.3 Doel met die navorsing

Doelwit 1: Om uit die bestaande literatuur vas te stel wat die aard van 'n staatsondersteunde skool is, wie betrokke is by die staatsondersteunde skool en wat hulle rolle is.

Doelwit 2: Om vas te stel wat die bestuursgebeure aan hierdie tipe skool inhou en in watter bestuursareas dit neerslag vind.

Doelwit 3: Om deur 'n literatuurstudie vas te stel wat 'n moderne bestuursinligtingstelsel is, uit watter komponente dit bestaan en hoe die komponente onderling skakel.

Doelwit 4: Om empiries vas te stel wat die inligtingsbehoeftes van die bestuurders van 'n staatsondersteunde skool is en ook hoe

suskesvol die huidige bestuursinligtingstelsel is in die voorsiening van die inligting.

Doelwit 5: Om riglyne vir die ontwerp van 'n bestuursinligtingstelsel vir die bestuurders van 'n staatsondersteunde skool daar te stel.

## 1.4 Metode van navorsing

### 1.4.1 Literatuurstudie

Om die eerste drie doelwitte te bereik,sal daar van primêre en sekondêre bronne uit die literatuur gebruik gemaak word.

'n Rekenaarsoektog met behulp van die DIALOG-stelsel is onderneem met die volgende trefwoorde:

MANAGEMENT INFORMATION SYSTEMS, INFORMATION SYSTEMS, SCHOOL MANAGEMENT, DECISION MAKING, DECISION SUPPORT SYSTEMS, EXPERT SYSTEMS, STATE AIDED SCHOOL, PRIVATE SCHOOL.

Daar is genoegsame bronne beskikbaar ten opsigte van bestuursinligtingstelsels soos toegepas in die handel en nywerheid. Inligting oor die toepassing van bogenoemde op die onderwysgebied is relatief skaars.

### 1.4.2 Empiriese ondersoek

Om vas te stel wat staatsondersteunde laer- en hoërskole in Transvaal se inligtingsbehoeftes is, is daar 'n sistematiese, gestratifiseerde steekproef gemaak. Gerekenariseerde posvraelyste is aan die hoofde en voorsitters van die bestuursliggame van die geselekteerde skole gestuur (n = 277). Die data wat so verkry is, is statisties verwerk deur toepaslike statistiese

tegnieke wat met die hulp van die PU vir CHO se Statistiese Konsultasiedienste gekies is.

## 1.5 Verloop van die navorsing

Die navorsing was soos volg gestruktureerd :

Die eerste hoofstuk is 'n oriënteringshoofstuk.

In hoofstuk 2 is aandag gegee aan die aard van 'n staatsondersteunde skool, die verskillende rolspelers betrokke by die staatsondersteunde skool en die rolle wat hulle speel.

Die derde hoofstuk handel oor die bestuursgebeure by die staatsondersteunde skool en die areas waarin hierdie bestuur neerslag vind.

Hoofstuk 4 handel oor bestuursinligtingstelsels, die komponente waaruit dit bestaan en die onderlinge samehang tussen die komponente.

Hoofstuk 5 is gewy aan 'n empiriese ondersoek om die inligtingsbehoeftes van die bestuurders te bepaal en ook vas te stel hoe suksesvol bestaande bestuursinligtingstelsels is om in die inligtingsbehoeftes van die bestuurders te voorsien.

In die sesde hoofstuk word riglyne vir 'n bestuursinligtingstelsel vir 'n staatsondersteunde skool daargestel.

Die sewende hoofstuk is 'n samevatting van die navorsing, die gevolgtrekkings wat uit die navorsing gemaak kon word en aanbevelings wat uit die navorsing voortgevloei het.

## 1.6 Samevatting

In hierdie hoofstuk is aangetoon dat die taak van die bestuurder aan die staatsondersteunde skool meer kompleks is as tevore en dat die bestuurder van hierdie skooltipe meer as tevore aangewys is op inligting vir hulle bestuursaksie. Dit was moontlik om sekere probleme te identifiseer en daarvolgens seker navorsingsdoelwitte te formuleer.

In die volgende hoofstuk sal die aard van die staatsondersteunde skool en rolspelers betrokke by die staatsondersteunde skool van nader ondersoek word.